

## **Sing vooraf staande: Psalm 8:1**

-1-

*Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,  
geen hemelsfeer in die oneindigheid - / of orals blink u Naam en majesteit.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

-1-

*Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek - die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods  
verborgenhede.*

*U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is*

Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 40:4*

Wet

Psalm 40:4.

-4-

*Net om u wil te doen soos in u Boek / \* die wonderskrif wat nooit vergaan -  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande -  
al wat ek is en het; / diep in my ingewand  
waar liefde-en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.*

Gebed

*Doksologie:*

*Aanbidding:*

*Skuldbelydenis:*

*Vergifnis:*

*Dank:*

*Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*

*Algemene bede:*

*Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

*Amen.*

Psalm 84:1, 6

-1-

*Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer  
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan  
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.  
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.*

6-

*'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontvou nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.*

Skriflesing: Sagaria 5.

Teks: Sagaria 5:3.

**Daarop sê hy vir my: Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land; want ooreenkomstig daarmee sal al die diene hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word. (Sagaria 5:3 AFR53)**

Baie keer gebeur dit dat mens die suur van die lewe saam met die soet kry. In hierdie naggesig het ons ook iets daarvan. Die Here belowe die herstel van sy kerk, maar Hy openbaar met die naggesig dat Hy sy kerk gaan skoonmaak ook. Die Here suiwer sy kerk deur sy Woord.

1. **Die opgewondenheid oor die heropbou van die tempel.**
2. **Die inhoud van die suiweringsproses.**

1. **Die opgewondenheid oor die heropbou van die tempel.**

Dink net hoe opgewonde die klomp teruggekeerdes was toe hulle gehoor het dat die Here hulle hulle sondes vergewe het.

- Veral toe hulle in Sagaria se naggesig gehoor het dat hulle soos 'n brandhout is wat uit die vuur uitgeruk is.
- Die Here gaan met hulle die toekoms in op die basis dat Hy hulle ongeregtigheid van hulle af wegneem.

Daarna was daar weer 'n visioen waarin die Here openbaar het dat die Heilige Gees die kerk se lig brandend sal hou.

- Die Heilige Gees gaan die tempel opbou. Die vraag is net: Hoe gaan die Heilige Gees dit doen?

Die antwoord lê in hierdie naggesig:

- Die Heilige Gees gaan die kerk van die Here opbou deur dit eers te suiwer.
- Hy gaan die verkeerde elemente daaruit verwyder.
- Hoe dit gaan gebeur, word baie skerp gestel: Die goddeloses gaan deur die vloek van die Heilige Gees uit die kerk uitgeroei word.
- Hierdie uitroeiproses is geweldig en onherroepelik.

Die vraag kan by 'n mens opkom of die boekrol werklik iets met die tempel te doen het?

Die antwoord is: Ongetwyfeld!:

- Ja, die boekrol het met die tempel te doen, want die naggessigte gaan dan juis daarvoor dat die Here die tempel gaan herbou - en die klompie mense wat uit Babel teruggekom het, was juis besig om die tempel te herbou.
- Hulle het oor allerhande redes vasgesteek met hulle herbouery, en daarom het die naggessigte gekom om hulle weer aan te spoor om met hulle werk aan te gaan.
- Daarby openbaar die Here dat Hyself die werklike kerk - die mense opbou en suiwer.

Die afmetings van die boekrol sluit hierby aan, want die afmetings van hierdie verskriklike groot boekrol is presies dieselfde as die van die heilige in die tabernakel en in die tempel van die Here.

- Die maat verwys na die plek waar die volk van God bymekaar kom - daar waar die volk met hulle offers en met die prediking onsondig word.
- Dit simboliseer die plek waar die Verbondsgod sy genade aan sy volk bevestig.

Anders gestel:

- Dit is die afmetings van die plek waar die manne (destyds) saamgekom het om te offer en te aanbid en met God gemeenskap te beoefen.
- Dit simboliseer die plek waar die volle kerk van die Here bymekaar is dis ook die plek waar die Here met sy suiweringsproses gaan begin.
- Daar, diep in die heiligdom van sy kerk, gaan die Here met sy Woord toets hoeveel van sy Woord in sy kerkvolk ingesink en in hulle gevestig geraak het.

Natuurlik word die genadeprediking van God by die gelowige afgerond met gehoorsaamheid. Dink maar net aan Psalm 40:7 (8):

**Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die Boekrol is dit my voorgeskrywe.**

Ek is gehoorsaam, want God het dit wat ek moet doen, in sy Woord vir my voorgeskryf.

Die Nuwe Testament bevestig dit dat die Here neergeskryf het dat ons sy wil sal doen:

**Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom - in die Boekrol is dit van My geskrywe - om u wil te doen, o God (Hebreërs 10:7).**

Hierdie naggessig gaan dus glad nie oor die heidene nie.

- Dit gaan oor mense wat bymekaar is waar die Here aanbid word.
- Onder hulle is daar mense wie se aanbidding vals is en wie se motiewe nie bo verdenking staan nie.

In die tyd van Sagaria was die siftingsproses van die Here - waarvan ons hier lees - al baie lank aan die gang onder die mense.

- Baie van hulle is al in die oorloë weggevoer en doodgemaak.
- Daarna is hulle in elk geval weggevoer - en in Babel het die meeste van hulle weggesmelt onder die ander volke, of het in elk geval nie belanggestel om weer na Palestina toe terug te gaan toe die tyd daarvoor aangebreek het nie.

- Die klompie wat teruggekom het, het nie almal teruggekom omdat hulle werklik in God geglo het en geglo het dat hulle 'n toekoms saam met die Here in die land van hulle voorouers sou hê nie. Daar was van hulle wat met ander motiewe teruggegaan het.

Daarom openbaar hierdie naggesig dat die goddelike vloek rus op die mense in die kerk wat die verbond minag en met openlike en aanhoudende verset teen die Here lewe.

- Die vloek van die Heilige Gees kom oor die sondaars in Juda wat aanhoudend sonde doen, maar hulleself vlei met die hoop op die saligheid.
- Hierdie naggesig stel sulke mense aan die kaak en toon aan dat hulle hulleself bedrieg.
- Hierdie visioen vermaan hulle om in die krag van die Here en met die insigte wat deur die Woord van God geleer word, met die sonde te breek.

Die vlieënde boekrol is die waarskuwing: God openbaar sy wil aan sy kerk.

- Hierdie selfde geopenbaarde wil wat hulle van die saligheid geleer het, gaan die meetinstrument/lineaal wees waarmee hulle dade getoets word en hulle ongehoorsaamheid aan die kaak gestel word.

Wat is hierdie boekrol wat Sagaria gesien het? Hy het die Woord van God - die Bybel gesien.

- Die mense van die ou tyd het nie boeke geken soos wat ons dit vandag ken nie.
- Hulle boeke was 'n perkament wat om 'n stok gerol was.

Die boek wat Sagaria gesien het, was nie netjies toegerol soos wat dit was wanneer dit gebêre was nie.

- Dit was oopgerol - om daarmee aan te toon dat dit in gebruik was.
- Die Woord van God was besig om sy werk te doen in die kerk van die Here.

Daar is 'n hele paar plekke in die Bybel waar die Here sê dat sy Woord aan die volk opgeskryf moet word, sodat hulle dit by hulle kan hê.

- Elke keer beklemtoon Hy dat dit **sy** Woord is.
- Dit is nie sommer menslike dinge wat in die boekrol staan nie. Dink maar net aan die woorde van die Here aan Jeremia:

**Neem vir jou 'n Boekrol en skrywe daarop al die woorde wat Ek met jou gespreek het oor Israel en Juda en oor al die nasies, van die dag af dat Ek met jou gespreek het, van die dae van Josía af, tot vandag toe.....En Jeremia het Barug, die seun van Nería, geroep; en Barug het op 'n Boekrol geskrywe, uit die mond van Jeremia, al die woorde van die HERE wat Hy met hom gespreek het (Jeremia 36:2, 4).**

Die boekrol het Sagaria bang gemaak, want dit het soos 'n reusagtige roofvoël aangevlieg gekom.

- Die boekrol is besig om die oordeel van God aan te kondig - daarom sê die engel

dat dit die vloek is wat oor die hele land uitgaan.

- Die Woord van die Here skeer soos 'n verskeurende roofvoël oor die hele land en dit verskeur alle onbekeerlike sondaars.

Die boodskap is duidelik: Die Woord van die Here is nie altyd maar net so sag soos 'n lam nie.

- Dit raak elke mens wat die Woord van God hoor.
- Dit beweeg almal - niemand bly onbeweeg nadat dit die verlossingsboodskap van God gehoor en deurgemaak het nie.
- Niemand gaan by die kerkdeur uit soos wat hy daar ingekom het nie.

*Wie die Woord onwaardig hoor of beleef, of daarvan af wegleeft, trek die volle geweld van God se oordeel op hom af.*

Die Bybel is natuurlik nie 'n dooie stuk papier nie - dit is die lewende Woord van die lewende God.

- Dit natuurlik so dat dit troos leer aan almal wat die inhoud van die wet en die raad van die Here vir hulleself toeëien.
- Maar dit is ook so dat die openbaring van God hom wreek op die wat dit by hulle laat verbygaan het en hulle nie daaraan gesteur het nie.
- Dit is sonder meer onverantwoordelike waaghalsigheid as iemand nie onvoorwaardelik buig voor die Woord van God nie.
- Daarteenoor is die Woord van God vir die wat dit hoor en bewaar 'n kosbare seën. Daarom kan onbekeerlikheid nie 'n rustige en stil hoekie in die kerk hê waar dit onontdek wil lê en die hiernamaals binnesluip nie.

Die probleem was dat hierdie klompie teruggekeerdes in 'n sekere sin aan geloofsverwaandheid gely het.

- Hulle het geglo dat hulle die besonder begenadigdes is, want hulle het dan nou teruggekom uit die vreemde uit.
- Hulle kon nie die genade van God daarin sien, sodat dit hulle juis tot 'n groter en dieper dankbaarheidslewe moes aanvuur nie.
- Hulle was nie meer op die walle van die Rooi see soos hulle voorouers wat nog maar min van die wet van die Here verstaan het nie.
  - Hulle het al baie van God se genade meegemaak.
  - En hulle het al baie van die Here se reddende hand beleef.
  - Daarom was hulle verantwoordelikheid ook soveel groter.

Dieselfde geld van ons ook. Dit is die erns van Sagaria 5. Ons kerk is baie lankal al by die stasie van Exodus 20 en die werkverbond verby. Ons is deel van die genadeverbond. **Die genadeverbond is 'n baie sterker verbond as die ou verbond - maar ook 'n baie gevaarliker verbond as die ou verbond, omdat dit meer van ons verantwoordelikheid verwag.**

## 2. Die Inhoud van die Suiweringsproses.

Die inhoud van hierdie suiweringsproses is ook baie duidelik.

- Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land; want **ooreenkomstig** daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word, en **ooreenkomstig** daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word.
- **Dienooreenkomstig die Woord van die Here.** Die vloek is volledige uitsnyding uit die kerk uit volgens of dienoooreenkomstig die Woord van die Here.

Die Bybel sonder hier net twee sondes uit, naamlik diefstal en meened, maar hulle is bloot verteenwoordigend van alle sondes.

- Dit was die twee volopste kerksondes van daardie tyd.
- Vals sweer verteenwoordig die eerste tafel van die wet.
- Steel verteenwoordig die tweede tafel van die wet.

Die Here praat hierdie klomp mense wat daar in Jerusalem gebly het, bitter ernstig aan!

- Hierdie volk waaroor die Here Hom weer opnuut ontferm het, het in ryk huise gebly - maar hulle het nie die tempel herbou nie.
- Daarvoor het hulle nie tyd en geld gehad nie. Intussen het hulle egter finansiëel goed gedoen vir hulleself.
- Haggai preek ook in hierdie tyd en hy kla ook net soos Sagaria daaroor dat die mense mekaar so besteel het.

Tog het hulle vroom en godsdienstig gebly.

- Die Bybel verwys daarna dat hulle maklik met 'n eed gesweer het as hulle iets wou sê: **So waar as die HERE leef...**
- Maar hierdie ede was leeg en vals, want hulle het God en mekaar belieg terwyl hulle gesweer het.
- Daarmee het die gemeenskap van die heiliges met God en met mekaar tot niet gegaan.

U moet nou net nie die genade mislyk nie!

- Die feit dat Sagaria nog hierdie aankondiging kan kom maak, is al bewys van God se genade.
- Daarmee rig die Here 'n appèl op die kerkvolk om tot bekering te kom.

Dit sal nie die oordeel en die suiwering tot niet maak of uitstel nie.

- Dit sal net maak dat die heiliges in hulle lewensstyl en aanbidding so hoog bo die valse gelowiges sal uitstyg, dat almal die uitbanning van die ongelowiges sal verstaan en daarna sal uitsien.

Hierdie tugaankondiging het natuurlik sy volle gesag en vervulling gekry in Jesus Christus.

- Hyself het in elke opsig die Woord van God gehoorsaam. Daarom staan daar van Hom geskryf dat Hy in elke opsig aan sy broeders gelyk was - uitgesonderd die sonde.
- Hy het vergewing van sondes gepreek, maar Hy het ook gepreek dat die vergewing van sondes ineengestremel is met gehoorsaamheid aan God se Woord.

Die Here Jesus sterf nie vir 'n onbegrensde groep mense wat deur hulle eie willekeur aanbid en gered word of nie. Die Here leer ons in Openbaring 13:8 dat ook dit reeds deur God vasgestel en neergeskryf is in sy raadsplan:

- En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie (Vgl. Ook Johannes 17).

Die vervulling van hierdie naggesig lê daarin dat Jesus elke belofte van verlossing wat in die Woord aangekondig is, vervul het.

- Hy het die straf gedra vir die sondes van elke uitverkorene.
- Die uitverkorenes het hierdie eienskap dat hulle probeer om sover hulle kan aan die eise van God se Woord gehoorsaam te wees.

*Omdat uitverkorenes egter almal sondaarmense is, is dit logies dat hulle nie baie goed sal slaag om ten volle gehoorsaam te kan wees nie - maar omdat hulle bedoelings en hulle geloof suiwer is, sterf die Here Jesus Christus vir hulle sondes. So kry ons almal versoening en vergifnis*

Die Here Jesus het na sy hemelvaart die Heilige Gees gevestig in sy kerk.

- Hy lei ons dus nou nog met sy Gees en sy Woord - presies soos wat die Here dit in die naggesigte van Sagaria belowe het.
- Maar daar kom ook 'n einde aan, want ons bely elke Sondag dat ons die Here Jesus terugverwag as die ewige Regter.

Waarmee gaan Hy oordeel as Hy die eindoordeel voltrek?

- Die Here Jesus gaan nie in die eindoordeel sommer na willekeur oor mense oordeel nie.
- Hy gaan ook nie na mense se gesigte kyk of hulle mooi is en of Hy van hulle hou nie. Hy gaan oordeel volgens wat in die raadsplan van God opgeteken is:  
**En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp (Openbaring 20:15).**

Hy gaan oordeel volgens sy Woord. Onthou die woorde wat in Openbaring 20:12 geskrywe staan:

**En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. Openbaring 20:12**

Ons gaan van hierdie vlieënde boekrol wat Sagaria gesien het en sy inhoud nooit ontslae raak nie.

- Die Here het dit gestuur om by ons te bly as ons padkaart na die ewige lewe toe. Die inhoud van hierdie boek moet ons ken en ons daaraan onderwerp, anders wêk ons die oordeel van God oor ons op.
- Mense wat die inhoud van hierdie boek verwerp of verander, het baie moeilikheid met die Here. Die laaste woorde van die boek openbaar dit:

**Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie Boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie Boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die Boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die Boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie Boek geskrywe is (Openbaring 22:18, 19).**

Die eindoordeel sal dan nie 'n oordeelsdaad vir die gelowiges wees nie, maar 'n genadedaad waarmee hulle heeltemal vrygemaak word van valsheid en die volle rykdom van God se genade binnetree.

- Die Here openbaar dat hierdie mense swaar trek aan hulle verantwoordelikheid in hierdie lewe.
- Dit gaan nie maklik nie, maar hulle oorwin:  
**Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die Boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele (Openbaring 3:5).**

Hoor u die genade?

- Ons wat wie se name in die Boek staan, glo, en vir ons word gebid.
- Ons name weerklink elke oomblik in die hemel.
- Dit beteken dat Jesus vir ons bid - maar hierdie gebed is ook 'n aankondiging dat ons op pad is na die ewige troon van God toe.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 18-7:12 (45:12)

-12-

*Daar sal in die heiligdom / niemand wat die kwaad bedrywe,  
ooit of immer binnekome. / Hul van wie die naam geskrywe  
in die Lewensboek sal staan, / hulle sal daar binnegaan.*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 21 Oktober 2012

**Openbaring 1:11**

**Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n Boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.**

**Openbaring 21:27**

**En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die Boek van die lewe van die Lam.**

**Openbaring 22:7**

**Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie Boek bewaar.**